higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

12 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE VIR EKSAMINATORE

1. Eksaminatore word daaraan herinner dat Publieke Administrasie N4 vatbaar is vir breë interpretasies en dus ’n wye spektrum van antwoorde.

2. Die nasienriglyn dien slegs as ’n aanduiding vir nasieners/eksaminatore en is nie bedoel om absoluut of voorskriftelik te wees nie.

3. Die antwoorde in hierdie nasienriglyn is dus nie allesomvattend nie en eksaminatore/nasieners word versoek om eie diskresie te gebruik by die nasien van die antwoordstelle. Die studente se antwoorde behoort ook geassesseer te word binne die konteks van hul lewenservaring.

4. Inhoud moet nagesien word, nie grammatika nie.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 F
2.2 H
2.3 B
2.4 C
2.5 A
2.6 G
2.7 I
2.8 E
2.9 J
2.10 D

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Word gewoonlik aangewys deur die staatshoof (president) op advies van die kabinet
- Aangestel deur die premier van ’n provinsie wat optree op advies van die provinsiale uitvoerende raad
- Ondersoek ’n bepaalde vraagstuk (Enige 1 × 2) (2)

3.1.2

- Politieke ampsdraers is persone wat verkies word om posisies in die regering te beklee.
- Hulle is openbaar aanspreeklik en het ’n openbare verantwoordelikheid teenoor die burgers van Suid-Afrika.
- Hulle het die finale sê in wetgewende en begrotingsvoorstelle.
- Die president, adjunkpresident, ministers, adjunkministers, premiers, lede van die provinsiale uitvoerende raad, burgemeesters, onderburgemeesters en lede van die munisipale uitvoerende komitees is voorbeeld van politieke ampsdraers.

(Enige 2 × 2) (4)

3.1.3

- Die president sit voor tydens kabinetsvergaderings.
- Die funksies van die kabinet as ’n konsensus-soekende liggaam is ’n weerspieëling van die gees van nasionale eenheid.
- Elke kabinetsminister administreer en bestuur sy/haar eie portefeulje in ooreenstemming met besluite wat deur die kabinet geneem word.
- Die kabinet is die top- uitvoerende instelling van die Suid-Afrikaanse regering en dien as die regering van die dag van Suid-Afrika.
- Die kabinet tree op as die top beleidmaker van die land en moet alle wetsontwerpe wat deur die huise van die parlement aan hulle voorgelê word, goedkeur.
- Dit is die top finansiële besluitnemer en besluit hoe die totale inkomste van die land verdeel en bestee moet word.

(Enige 3 × 2) (6)

3.1.4

- Bepaal wat die status, magte en funksies van nasionale of provinsiale liggame is wanneer daar ’n dispuut tussen hulle is.
- Bepaal of ’n wetsontwerp of wet van die parlement of provinsiale wetgewer konstitusioneel is.
- Bepaal of wysigings aan die grondwet konstitusioneel is.
- Bepaal of ’n ander hof korrek was toe dit bevind het dat die optrede van die president onkonstitusioneel is.
- Bepaal of die funksionering van die parlement konstitusioneel is.
- Bepaal of ’n provinsiale grondwet of wysigings aan ’n provinsiale grondwet konstitusioneel is.
- Elke aangeleentheid moet deur minstens 11 regters aangehoor word.
- Hoor nie getuienis aan nie en ondervra ook nie getuies nie.
- Werk gewoonlik met geskrewe argumente wat aangebied word – die werk van die hof bestaan hoofsaaklik uit die lees en ontleding van dokumente en die voorbereiding van uitsprake.

(Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.1.5 Openbare beskermer

- Ontvang en ondersoek klagtes van die publiek teen die regering of staatsliggame of -beamptes.
- Ondersoek enige optrede in staatsake of publieke administrasie op enige vlak van regering wat onbehoorlik is (wanadministrasie, magsmisbruik, skendings van menseregte, oneerlikheid).
- Doen verslag oor daardie optrede aan die publiek.
- Mag nie enige hofbeslissing ondersoek nie.

Ouditeur-generaal

- Ouditeer en doen verslag oor die finansiële staat van alle staatsdepartemente, provinsiale departemente en plaaslike regerings.
- Ouditeer en doen verslag oor enige instelling wat deur openbare geld befonds word.
- Maak alle verslae openbaar.
- Dien as waghond vir die parlement en die mense van Suid-Afrika.

(Enige 3 + Enige 3) (6)

3.2 3.2.1

- Burgers het die geleentheid om hul leiers deur middel van ’n stemming te kies.
- Alle mense het ’n sê in die wyse waarop die land bestuur kan word.
- Die grondwet/Handves van Regte gee mense die reg tot deelname aan algemene verkiesings om hul verteenwoordigers te kies.

(Enige 1 × 2) (2)

3.2.2 Onafhanklike Verkiesingskommissie (2)

3.2.3

- Dien as seremoniële hoof en verteenwoordig sy/haar dorp/stad.
- Eerste burger van ’n dorp/stad.
- Voorsitter van die munisipale raad.
- Ontvang ’n toelaag ten einde sy/haar pligte te kan uitvoer.
- ’n Deel van die toelaag word gebruik vir die onthaal van besoekers/gaste en diplomate.
- Dit is dikwels die leier van die plaaslike tak van die politieke party wat die proporsionele setels in die plaaslike verkiesing gewen het.

(Enige 3 × 2) (6)

3.2.4
- Water
- Paaie
- Sanitasie
- Elektrisiteit
- Vervoer
- Primêre gesondheidsdienste
- Opleiding (nie skoolonderwys nie)
- Behuising
- Verkeersbeheer
- Begraafplaas/krematorium-beheer
- Stormwaterdreinering
- Brandweer
- Biblioteke
- Kunsgalerye
- Abattoirs
- Sport en ontspanning
- Voorkoming van besoedeling
- Munisipale sekuriteit
- Toerisme
- Lughawens
- Stedelike en landelike ontwikkeling (Enige 6 × 1) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Nasionale of sentrale sfeer van regering

- Bestuur die staat op die hoogste vlak
- Verantwoordelik vir die hooforganisasie en administrasie op sentrale vlak deur die maak van wette en beleid wat bindend is vir alle ander regeringsvorme
- Die parlement beskik oor die gesag om wette op sentrale vlak te maak

Provinsiale of streeksfeer van regering

- Tweede vlak van regering.
- Nege provinsiale regerings vir die nege provinsies.
- Nie volkome onafhanklik nie en kan slegs die provinsie regeer in die mate wat die sentrale regering dit toelaat.
- Provinsiale wette en beleid moet nie in botsing wees met sentrale wette en beleid nie.
- Provinsiale wetgewer neem wette aan vir die provinsie.

Plaaslike of munisipale sfeer van regering

- Kleinste vorm of derde vlak van regering.
- Speel ’n belangrike rol in die regeringsprosesse van ’n demokratiese samelewing aangesien feitlik alle inwoners van ’n stad of dorp betrokke kan raak by die plaaslike verkiesings.
- Bied geleentheid aan gewone burgers om hul eie sake onafhanklik te bestuur.
- Besluite moet in ooreenstemming wees met enige wette of beleid wat deur die sentrale of provinsiale regering gemaak is.

(Enige 3 × 2) (6)

4.1.2

- Spesifieke gebied
- Onafhanklik van enige ander staat
- Mense deel van ’n gemeenskap
- Permanente reëls in die vorm van ’n grondwet
- Openbare instelling om wet en orde te verseker
- Regering gekies deur die mense van die land om hulle te regeer (6)

4.1.3 Wetgewende gesag
- Sluit die skryf van wette in
- Monitor die uitvoerende gesag
- Die wetgewer wat wette uitvaardig, mag nie ook uitvoering daaraan gee of regspraak beoefen nie

Uitvoerende gesag
- Sluit aktiwiteite in die voorbereiding en skryf van wette in
- Sluit die bestuur van verskillende staatsdepartemente in die regering in
- Wette word uitgevoer
- Nie betrokke by die uitvaardiging van wetgewing of in regspraak nie

Regsprekende gesag
- Administreer, interpreteer en pas die wette van die land toe
- Mag nie wette uitvaardig of uitvoering daaraan gee nie
- Onafhanklik en volg slegs die grondwet en die wet
- Pas die wet onpartydig toe (3 × 2) (6)

4.1.4
- Oos-Kaap
- KwaZulu-Natal
- Noord-Kaap
- Limpopo
- Noordwes
- Vrystaat
- Gauteng
- Wes-Kaap
- Mpumalanga (9)

4.2 4.2.1
- Persone onderhewig aan ’n hofbevel wat verklaar dat hulle ontoerekenbaar of geestelik versteurd is.
- Persone wat verwys is na ’n instelling vir geestelik versteurdes
- Onwettige immigrante
- Persone wat aangehou word vanweë dwelmafhanklikheid of ’n soortgelyke oortreding
- Persone wat in ’n gevangenis aangehou word nadat hulle skuldig bevind en gevonnis is sonder die opsie van ’n boete op aanklag van poging tot moord, verkragting, ontvoering, onsedelike aanranding, kaping, roof, omkopery (alle gevangenes word egter toegelaat om te stem)
- Persone skuldig aan korrupte of onwettige optrede by ’n verkiesing mag nie stem nie selfs al is hulle as kiesers geregistreer. (Enige 4 × 1) (4)

4.2.2
- Wegdoenbare stemhokkies word gebruik vir die uitbring van ’n geheime stem.
- Stembusse, waarin die stembriewe geplaas word, moet voor die stemmery nagegaan te word om te verseker dat dit leeg is.
- Kopieë van die kieserslys: Dit is elke individu se eie verantwoordelikheid om seker te maak sy/haar naam verskyn op alle lyste en die korrekte kieserslyste in sy/haar kiesafdeling.
- Stembriewe bevat gewoonlik die afgekorte name van geregistreerde partye, ’n teken of simbool van elke party in kleur, en die naam en foto van die leier van die party.
- Onuitwisbare ink word gebruik om die hande van die kiesers te merk.
- Skryfbehoeftes: Die kiesbeampte moet penne, potlode, lineale, en enige ander nodige skryfmateriaal voorsien.
- Snippermasjiene word gebruik om bedorwe stembriewe te versnipper.
- Noodhulp-/noodtoerusting: Die kiesbeampte moet verseker dat daar toereikende noodhulp-/noodtoerusting beskikbaar is in ’n noodgeval. (9)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Heel die verdeeldheid van die verlede en skep ’n samelewing gebaseer op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en basiese menseregte
- Lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin die regering gebaseer is op die wil van die mense en alle burgers gelyke beskerming deur die wet geniet
- Verbeter die lewensgehalte van alle burgers en bevry die potensiaal van alle mense
- Het oppermag oor die parlement
- Waarborg gelyke regte vir alle burgers van die RSA
- Bevat ’n Handves van Regte wat die verhouding tussen die staat en burgers reguleer
- Maak voorsiening vir die vorming van ’n regering van nasionale eenheid
- Verskans verskeie belange van die gemeenskap, byvoorbeeld ’n kiesstelsel van proporsionele verteenwoordiging, ens.
- Bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek kan inneem as ’n soewereine staat in die familie van nasies
- Voormalige vier provinsies is vervang deur nege provinsies wat elke ’n eie provinsiale regering het (Enige 5 × 2) (10)

5.1.2
- Deurlopend in sitting in die toekoms
- Lede geniet vryheid van spraak
- Het sy eie strawwe
- Funksioneer deur middel van debat, waarna tot ’n besluit geraak word
- ’n Wetsontwerp word voorgestel, ’n debat word gevoer en ’n meerderheidstem word geneem
- ’n Kworum van minstens die helfte van die huis moet teenwoordig wees
- Komiteestelsel word gebruik om verskille op te los
- Belangrikste funksie is die uitvaardiging van wette
- Geregtelike beheer oor die parlement
- Hou die uitvoerende gesag aanspreeklik
- Kan enige persoon daag om getuienis te lewer of enige dokumente te produseer, of enige instelling vra om aan hulle te rapporteer
- Moet instem tot ’n noodtoestand
- Kan ’n mosie van wantroue in die kabinet instel
- Beheer staatsinstellings
- Kan die Grondwet wysig
- Debatteer en stem oor die jaarlikse begroting
- Vestig ’n gesamentlike reëlskomitee om reëls en orders te maak.

(Enige 6 × 2) (12)

5.1.3
- Lede word verkies vir ’n ampstermyn van vyf jaar.
- Die parlement kan deur die president ontbind word op enige stadium ná die aanvang van ’n ampstermyn.
- Die president kan ’n enkele huis ontbind in die vyfjaartermyn van die parlement.
- ’n Tussentydse termyn van ’n huis sal bestaan totdat die termyn van die parlement verstryk het.

(Enige 2 × 2) (4)

5.1.4
- Voer al die opdragte uit wat deur die president of die grondwet opgelê word
- Staan die president by
- Het dieselfde take as lede van kabinet
- Doen kollektief verantwoording (saam met lede van kabinet) asook individueel aan die parlement
- Voorsien die parlement van gereelde en volledige verslae oor die area onder sy/haar beheer (5 × 2) (10)

5.2
- Die grondwet maak voorsiening vir tradisionele leierskap op plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke.
- Nasionale en provinsiale wetgewing maak voorsiening vir die stigting van tradisionele huise om gewoontereg te erken.
- Maak voorstelle aan die provinsiale wetgewer of regering in verband met sake wat verband hou met tradisionele owerhede, inheemse wette, tradisies en gebruike van tradisionele gemeenskappe in die provinsies.
- ’n Provinsiale wetsontwerp wat tradisionele owerhede raak, moet verwys word na die provinsiale huis van tradisionele leiers vir kommentaar en insette deur die speaker van die provinsiale wetgewer.
- Indien die huis die wetsontwerp teenstaan, sal die provinsiale wetgewer nie die wetsontwerp aanneem nie. (Enige 2 × 2) (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Die parlement
6.1.2 Nasionale Vergadering
6.1.3 Uitvoerende gesag
6.1.4 Kabinet
6.1.5 Staatsdepartemente

6.1.6
- Openbare beskermer
- Ouditeur-generaal
- Menseregtekommissie
- Verkiesingskommissie
- Staatskorporasies (staatsondernemings)
- Landboubeheerrade
- Navorsingsinstellings
- Universiteite
- Technicons (universiteite van tegnologie) (Enige EEN)

(6 × 1) (6)

6.2
- Daar is 90 afgevaardigdes in die Nasionale Raad van Provinsies (NRP), dit wil sê ’n afvaardiging van 10 verteenwoordigers vir elk van die nege provinsies.
- Daar is vier spesiale afgevaardigdes bestaande uit die premier van die provinsies en drie ander spesiale afgevaardigdes.
- Daar is ses permanente afgevaardigdes.
- Elke provinsiale afvaardiging word professioneel verteenwoordig deur die politiekeparty-verteenwoordigers in die provinsie.
- ’n Voorsitter en twee adjunkvoorsitters word verkies as voorsittende beamptes.
- Hierdie voorsittende beamptes bestuur die werk van die NRP en sit voor tydens debatte.
- Die voorsitters word vir vyf jaar verkies, terwyl die provinsiale premiers beurte neem om die pligte van die adjunkvoorsitters te roteer. Elke premier sal vir ’n jaar in die posisie wees.
- Een provinsiale hoofsweep organiseer die werk van die provinsiale afvaardiging van die politieke partye.
- ’n Programsweep help die provinsiale hoofsweep om die werk van die NRP te skeduleer. (Enige 5 × 2) (10)

6.3
- Waar ’n wet van die parlement handel oor aangeleenthede wat nie effektief gereguleer kan word deur provinsiale wetgewing nie
- Waar ’n wet van die parlement handel oor aangeleenthede wat vereis dat dit gereguleer of gekoördineer word deur eenvormige norme of standaarde wat algemeen van toepassing is oor die hele RSA
- Waar ’n wet van die parlement nodig is om minimum standaarde regdeur die nasie te stel vir die lewering van openbare dienste
- Waar ’n wet van die parlement nodig is vir die instandhouding van ekonomiese vyandigheid, welvaart en sekuriteitsdienste, die beskerming van die omgewing, die bevordering van provinsiale handel en ander belangrike dienste wat gereguleer moet word deur nasionale reg

(4 × 2) (8)

6.4
- Tree op as hoofbestuurder van die munisipaliteit
- Verseker dat alle werkopdragte van die plaaslike regering behoorlik uitgevoer word
- Verantwoordelik vir kommunikasie tussen die plaaslike regering en aangewese beamptes
- Tree op as 'n bewaker vir die provinsiale regering deur met hulle te skakel en wangedrag deur ander beamptes en lede van die plaaslike regering aan hulle te rapporteer
- Die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die besteding van die geld van die gemeenskap en finansiële beheer moet uitoefen
- Hoof van administrasie wat die beleidsvoorskrifte van die munisipale raad bestuur en verantwoordelik en aanspreeklik is vir 'n effektiewe en doeltreffende administrasie om die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan uit te voer
- Tree op in ooreenstemming met die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel
- Reageer op die behoeftes van die plaaslike gemeenskap om deel te neem aan die sake van die munisipaliteit
- Stel personeel aan in voldoening aan die Wet op Gelyke Indiensneming
- Bestuur, behoorlike benutting en opleiding van personeel
- Handhaaf dissipline
- Voer die bepalings van arbeidswetgewing uit
- Verantwoordelik vir toepassing en implementering van munisipale regulasies en ander wetgewing
- Voer die besluite van die politieke strukture en politieke ampsdraers uit
- Implementeer nasionale en provinsiale wetgewing van toepassing op die munisipaliteit
- Ontwikkel 'n stelsel om die gemeenskap se tevredenheid met munisipale dienste te bepaal en hou dit in stand (Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Navorsing
- Openbare betrekkinge
- Regsdienste
- Bekendmakingsdienste
- Konstruksie en instandhouding van inligtingstelsels
- Dataversameling, -verwerking en -herwinning (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou